Ontmoeting 48 NEHEMIA

Mure en Harte

Teks: Nehemia

Hulpmiddels:

- "Maansand": Klits 8 koppies koekmeel en 1 koppie baba-olie in 'n groot mengbak tot alles goed gemeng is. (Dit kan tot 10 minute neem om goed te meng.) Bêre die "maansand" in 'n digte sakkie of bakkie met 'n deksel. (As die maansand te duur uitwerk, kan gewone seesand of selfs mieliepap ook werk.)
- Kat- en muisoortjies
- Kopieë van die animasiestrook
- Klein blokkies en roomysstokkies
- Kopieë van die prent van 'n baksteenmuur
- Kopieë van die doolhof

Patroon vir muisoortjies



WELKOM

Inspeksietog: Kleingroep: Loop met jou kinders om die gebou en kyk waar 'n dief kan inkom. Loop 'n tweede keer om en kyk waar herstelwerk of opruiming nodig is.

Of vir 'n groot groep: Kies 3 kinders om om die gebou te loop en kyk waar 'n dief kan inkom en kom rapporteer aan die groep. Stuur dan 3 ander kinders om te gaan kyk waar herstelwerk en opruimwerk gedoen moet word. Hou intussen die ander kinders besig met 'n speletjie.

"Kat en Muis": Noem die muise Nehemia en Esra en die katte Sanballat en Tobija. *(Vir die lekker kan jy kat-oortjies en muis-oortjies vir die kinders opsit.)*

WYDING

Temaliedere en **stilword-ritueel** soos by ontmoetings 44 en 45.

WOORD

Julle kry nou elkeen 'n bakkie "Maansand". *(Sien resep.)* Terwyl die leidster praat, kan die kinders stil vroetel in die sand en die opdragte uitvoer soos die verhaal verloop.

Ons het gehoor en/of gesien dat daar plekke is waar diewe in ons gebou kan inkom (of ons sekuriteit is uitstekend) en ons het gesien waar daar skoonmaak- en herstelwerk nodig is.

Die Jode *(die stamme van Juda en Benjamin)* het na 70 jaar in Babel weer in hulle land gaan bly. Nou moes al die huise wat afgebreek of afgebrand was, herstel word. Nehemia kon nie saam teruggaan nie. Hy het vir die koning van Babel gewerk. Eendag kom een van sy vriende kuier en vertel vir hom dat Jerusalem baie sleg lyk, veral die muur. Niemand het nog probeer om die muur te herstel nie. Vyande en diewe kan nou maklik inkom, want die muur om die stad was die enigste ding wat hulle kon uithou.

Nehemia was so hartseer dat hy begin huil het. *(Teken 'n hartseer gesig in die sand.)* Nehemia het vir dae getreur. Toe hy teruggaan werk toe, sien die koning dat Nehemia ongelukkig is. Nehemia was altyd vriendelik en het 'n positiewe gesindheid gehad. Daarom was dit vir die koning baie vreemd om hom treurig te sien.

"Wat makeer jou?" vra die koning. Nehemia was bang om te antwoord, want eintlik was hy 'n slaaf en as die koning vir hom

kwaad word, kon hy enigiets met hom doen. "Is daar iets wat jy my wil vra?" vra die koning. Nehemia het in sy gedagtes tot God gebid. Toe antwoord Nehemia: "Ons stad Jerusalem is verwoes. Stuur my asseblief soontoe om dit te help herstel."
Wat sal die koning doen? *(Vee jou hartseer gesiggie weg. Teken nou 'n vrolike gesig.)*
Die koning gee toe vir Nehemia verlof om na Jerusalem toe te gaan. Hy gee ook briewe saam sodat Nehemia vir almal wat hom wil keer, kan wys dat die koning hom gestuur het. Die koning het ook gesorg dat daar genoeg hout was vir die bou van die muur.
Toe het Nehemia vertrek. *(Loop met jou vingers in die sand.)*
Sanballat en sy mense was Goroniete. Hulle was kwaad dat iemand gekom het om die Jode in Jerusalem te help. *(Krap die sand deurmekaar.)*
In Jerusalem het Nehemia vir drie dae nie vir die mense vertel wat hy kom doen het nie. Hy het eers alles mooi deurgekyk. In die nag het hy en 'n paar manne rondom Jerusalem geloop en die stukkende muur geïnspekteer.
Eers toe hy presies weet wat alles gedoen moet word, het hy die leiers van Jerusalem bymekaar geroep en hulle gemotiveer om die harde werk aan te pak. Die leiers was opgewonde en wou dadelik begin.
(Tel sand op en strooi dit weer terug.) Sanballat en Tobija het gehoor hulle gaan bou en het hulle uitgelag: "Julle sal dit nie regkry nie." Nehemia het geantwoord: "Die God van die hemel sal ons help. Ons sal slaag!!" *(Klap liggies die sand plat.)*
Nehemia het alles baie goed beplan. Mense moes die deel van die muur voor hul eie huise eerste opbou. *(Begin al in die rondte 'n muur met die sand bou.)* Verder het hy die mense in groepe verdeel vir die res van die muur. Almal, selfs dogters, het help bou. Daar was net 'n paar deftige mense wat te hoogmoedig was om te help werk. Sanballat was woedend. Tobija het gesê: "Daai muur gaan so swak wees, 'n jakkals sal dit kan omspring."
Die mense het hard gewerk en sommer gou was hulle halfpad. Om te keer dat Sanballat en sy vriende aan die muur kom lol, het hulle snags wag gestaan. Maar dit het die mense moeg gemaak. Hulle kon nie so sonder slaap klaarkom nie. Nehemia het families uitgekies om in die nag wag te staan en vir hulle wapens gekry. Die helfte van die manne moes bedags bou met 'n swaard om die lyf. Die ander helfte het gestaan met spiese, pyle, boë en harnasse. Die manne wat die boumateriaal moes aandra, het met een hand gewerk en met die ander hand 'n wapen vasgehou. *(Teken 'n swaard of spies in die middel van jou sand.)*
Nehemia het die mense moed ingepraat: "Hou vol, die Here gaan ons help."
Sanballat enTobija het vir Nehemia 'n strik gestel. Hulle wou hê Nehemia moes uitkom dat hulle hom kon vang. Hulle maak toe of hulle 'n vergadering moet hou, maar Nehemia het net gesê hy werk en kan nie kom nie. Hulle versprei toe 'n storie in die wêreld dat Nehemia 'n opstand teen die koning beplan. Nehemia het net aanhou werk en hom nie daaraan gesteur nie. Toe koop hulle 'n man om om vir Nehemia te gaan jok sodat hulle vir hom 'n strik kan stel, maar die Here het hom gehelp om sommer dadelik te sien die man is 'n leuenaar.
Die muur is binne 52 dae klaar gebou. Sanballat-hulle het gesien die Here het vir Nehemia gehelp en hulle kon niks daaraan doen nie. Mense het begin om geskenke te gee: goud, silwer en klere vir die priesters en werkers. Die groot hekke van die muur is gesluit en die mense was gereed om fees te vier. *(Vee die swaard uit en teken mense in die sand.)* Die mense het van ander dorpe af gekom en die priester Esra het die wetboek gebring. Hy het dit gelees vir al die mans, vroue en kinders. Hy het van die oggend tot middagete gelees. Die mense het baie groot geskrik toe hulle die wet hoor. Hulle het die wet vergeet en al die verkeerde goed gedoen. Hulle was baie hartseer en skaam oor al hulle sonde. Hulle het gehuil toe hulle hoor wat in die wet staan. *(Teken trane in die sand.)*
Nehemia het gesê: "Moenie huil nie. Dis 'n goeie dag. Die Here wil julle God wees. Vier fees en gee genoeg kos vir die armes." *(Dans met julle vingers in die sand.)* Die muur is ingewy. Hulle het gesing en op harpe, liere, trompette en simbale gespeel. Hulle het saamgebid en belowe dat hulle die Here sal dien. Kore het op die muur gestaan en sing. Die vrolike klanke kon ver gehoor word.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. **Ek wonder wat jy al in 'n moeilike tyd in jou gedagtes gebid het.**
2. **Ek wonder hoe jy sal voel as jy vir iemand wat baie kwaai is, iets moet vra.**
3. **Ek wonder wat doen jy as iemand jou aanhoudend terg.**
4. **Ek wonder hoe sal dit voel om 'n fees te vier waar almal in ons dorp saam die Here loof.**

WERSKAF

- **Maak die animasie strook.**
- **Maak 'n gebedsmuur. Skryf of teken gebedsversoeke op klein reghoekige papiere. Sit hulle soos bakstene teen 'n muur of deur. (Aangesien dit die einde van die jaar is, kan hulle dankgebede skryf.)**
- **Gee klein blokkies en roomysstokkies en daag hulle uit om 'n moeilike konstruksie te ontwerp.**
- **Voltooi die doolhof en kleur die prent veelkleurig in.**

Sluit af met die seënbede.



Soek die pad deur die doolhof sodat

Nehemia tot by die kraaie kan kom.

Instruksies om die “flip”-boekie (animasiestrook) te maak:

Kopieer die volgende bladsy. Sny versigtig uit op al die soliede lyne. Plaas die papiertjies op ‘n hopie met die voorblad onder, bl. 1 op hom, dan bl. 2, 3, ens. sodat bl. 12 heel bo is. Begin nou ‘n nuwe hopie met bl. 13 heel onder. Sny nou die klein stukkie van bl. 12 af (op die stippellyn) en sit dit op bl. 13 neer. Sny nou ook een-vir-een al die ander bladsye kleiner totdat die voorblad (die kleinste een) heel bo is. Vat die hopie papiertjies en “stamp” hulle op hul sykante (aan die linkerkant) op ‘n tafel sodat die papiertjies gelyk is. Kram dit vas waar die merkie op die voorblad is. Aan die regterkant van die boekie behoort die bladsye skeef af te loop na onder sodat jy maklik met jou vingers kan blaai. Vertel die storie van Nehemia en ‘n vriend wat die muur begin opbou.

Instruksies om die "flip"-boekie te maak:

Kopieer hierdie bladsy. Sny versigtig uit op al die soliede lyne. Plaas die papiertjies op 'n hopie met die voorblad onder, bl. 1 op hom, dan bl. 2, 3, ens. sodat bl. 12 heel bo is. Begin nou 'n nuwe hopie met bl. 13 heel onder. Sny nou die klein stukkie van bl. 12 af (op die stippellyn ----------) en sit dit op bl. 13 neer. Sny nou ook een-vir-een al die ander bladsye kleiner totdat die voorblad (die kleinste een) heel bo is. Vat die hopie papiertjies en "stamp" hulle op hul sykante (aan die kant wat die N en G op die voorblad het) op 'n tafel sodat die papiertjies gelyk is. Kram dit vas waar die merkie op die voorblad is. Aan die regterkant van die boekie behoort die bladsye skeef af te loop na onder sodat jy maklik met jou vingers kan blaai. Vertel die storie van Nehemia en 'n vriend wat die muur begin opbou.

Nehemia, God se bouer

1.

2.

3.

4.

5.

6.

7.

8.

9.

10.

11.

12.



13.